19 Februarie 2009

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR ETIENNE TERRE'BLANCHÉ,
BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE

Agri Inspec keer kul-invoere

Die Melkprodusente-organisasie (MPO) se moniteringsmaatskappy, Agri Inspec, het die afgelope ruk goeie vooruitgang gemaak in die beheer van onreëlmatige invoere van verskeie suiwelprodukte.

Agri Inspec spits hom toe op die monitering van oorgrenshandel van verskeie landboukommoditeite en het 'n suiwellessenaar wat net op melksake konsentreer.

"Van die deurbrake wat onlangs behaal is, het veral gefokus op suiwelprodukte waarvan die etikette of verpakking nie aan vereistes voldoen nie," sê dr Hennie Kleynhans, besturende direkteur van Agri Inspec.

Die suksesse sluit onder meer die beslaglegging van 'n besending babaformule en melkdrankies vir ouer babas in. Die produkte wat uit Korea afkomstig is, is by die Durbanse hawe stopgesit, nadat die besending nie aan verpakkingsvereistes voldoen het nie. Daar is ook beslag gelê op 'n besending ingevoerde kaseïenpoeier wat melamien bevat.

'n Besending botter uit die VSA is ook onderskep. Die botter het nie aan minumum gehaltestandaarde voldoen nie en is boonop teen 'n lae R33,80 per kilogram ingevoer.

Ingedampte melk en kondensmelk wat vanuit Singapoer ingevoer is, is ook gekonfiskeer. Die produkte se etikette het nie aan Suid-Afrikaanse regulasies voldoen nie en die saak is by die departement van landbou aangemeld. Die inligting op die etiket is misleidend aangesien die produkte plantaardige vette en olie bevat.

"Deur suiwelinvoere streng te monitor in samewerking met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en die departement van landbou, word die plaaslike melkmark tot

‘n groot mate beskerm teen suiwelprodukte wat ingevoer word sonder om aan die toepaslike invoerbelasting-, kwaliteit- of verpakkingsregulasies te voldoen,” sê Etienne Terre’Blanché, besturende direkteur van die MPO.

Benewens die monitering van alle suiwelinvoere en ook uitvoere namens die MPO, hanteer Agri Inspec ook monsterneming waar nodig. Mark-inligting en tendense word ook geassimileer en verwerk vir ‘n makro blik op die suiwelmark in Suid-Afrika.

Vir nadere inligting, kontak Etienne Terre’Blanché by 012 843 5600 of 082 900 7676 of e-pos etienne@mpo.co.za.

Einde